testpapers.co.za

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

# NOVEMBER 2017

**GRAAD 11**

# EKONOMIE

# VRAESTEL 1

**TYD:** 2 uur

**PUNTE:** 150

**13 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**Vraestel 1**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDBOEK:

   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord TWEE van die DRIE vrae.
   - AFDELING C: Beantwoord EEN van die TWEE vrae.

2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Oortollige antwoorde sal NIE nagesien word NIE.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die nommer van die vraag bo-aan elke antwoord.

5. Lees die vrae sorgvuldig deur.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Los 2 – 3 lyne oop tussen onderafdelings of vrae.

8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde ooreenstem met die kognitiewe vereistes van die vrae.

9. Gebruik slegs blou of swart ink.

10. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE 30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK.

1.1.1 Hulpbronne in die produksieproses is bekend as ...

A insette.
B uitsette.
C intermediêre goedere.
D finale goedere.

1.1.2 Die belegging van Walmart in Massmart word ... genoem.

A kapitaalverbreding
B kapitaalverdieping
C direkte buitelandse belegging
D ekonomiese groei

1.1.3 ’n Voordeel van die sentraal-beplande ekonomie is ...

A keuse.
B innovering.
C risiko.
D volle indiensneming.

1.1.4 SANRAL is verantwoordelik vir die instandhouding van ... in Suid-Afrika.

A hawens en lughawens
B spoornetwerke
C nasionale paaie
D skoolgeboue

1.1.5 Die … word gebruik om die lewensstandaard in ’n land te bepaal.

A vlak van per kapita inkomste
B inflasiekoers
C betalingsbalans
D sirkulêre vloei

1.1.6 Die Millennium Ontwikkelingsdoelwitte behels ...

A beter hoër onderwys.
B verlaging in kindersterftes.
C beter vaardigheidsontwikkeling onder die jeug.
D lae rentekoerse.

1.1.7 ʼn Grafiek wat ongelyke verdeling van inkomste tussen huishoudings aandui is bekend as die …

A Laffer kurwe.
B Phillips kurwe.
C Kringloopdiagram.
D Lorenz kromme.

1.1.8 Die … is die prys waarteen die Suid-Afrikaanse Reserwebank geld aan ander banke leen.

A prima uitleenkoers
B terugkoopkoers
C wins
D opbrengs (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B om by ʼn item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 MTBR | A Ondernemings wat deur die owerhede beheer word |
| 1.2.2 Disinvestering | B Staatsinmenging om werkers te beskerm teen onbillike arbeidspraktyke |
| 1.2.3 OBSA | C Die verwantskap tussen insette en uitsette |
| 1.2.4 SBO | D ʼn Beleid wat daarop gemik is om swart eienaarskap van landbougrond in die ekonomie te vermeerder |
| 1.2.5 Minimum lone | E ʼn Proses waar buitelandse lande hulle ondernemings vanuit ʼn land onttrek |
| 1.2.6 Grondhervormings program | F Die dokument dui aan hoe die regering beoog om sy uitgawes oor ʼn gegewe tydperk te finansier. |
| 1.2.7 Produktiwiteit | G Die somtotaal vir die vergoeding van die produksiefaktore in ʼn land |
| 1.2.8 Nasionale inkomste | H Die instansie is in 1983 gestig om ekonomiese ontwikkeling in Suider Afrika te bevorder. |
| | I Swart Ekonomiese Bemagtiging |
| | J Regstellende Aksie |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings.. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Die inkomste per huishouding van die landsbevolking

1.3.2 Die sektor verbonde aan aktiwiteite wat straatverkope en kunswerke insluit

1.3.3 BBP teen basiese pryse, plus belasting op produkte, minus subsidies op produkte

1.3.4 Die gedeeltelike of algehele verwydering van invoertariewe binne die grense van elke land

1.3.5 Die industrie wat klein lenings bied aan die wat nie in staat is om vanaf normale banke te leen nie

1.3.6 Die organisasie wat ekonomiese samewerking en integrasie bevorder onder Suider Afrikaanse lande (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE groepe wat bydra tot kapitaalvorming in ŉ land. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom is alle ekonomieë gemengde stelsels? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**UITTREKSEL UIT DIE NASIONALE REKENING VAN SUID-AFRIKA TEEN HUIDIGE PRYSE**

| **R m (INKOMSTE METODE)** | **2016** |
|---|---|
| BBP teen basiese pryse | 2 850 000 |
| Belasting op produkte | 210 000 |
| Subsidies op produkte | 95 195 |
| Bruto Binnelandse Produk (BBP) @ markpryse | 2 964 805 |
| Primêre inkomste vanaf die res van die wêreld | 48 501 |
| Primêre inkomste aan die res van die wêreld | **A** |
| Bruto Nasionale Produk (BNP) @ markpryse | 2 978 806 |

**[Bron: *SARB Kwartaalblad,* Maart 2016]**

2.2.1 Gee ŉ voorbeeld van ŉ primêre inkomste uit die res van die wêreld. (1)


2.2.2 Word ŉ subsidie bygetel by basiese pryse of afgetrek? (1)

2.2.3 Beskryf die konsep *bruto binnelandse produk*. (2)

2.2.4 Verduidelik die verskil tussen *huidige pryse* en *konstante pryse*. (4)

2.2.5 Bereken die waarde van **A** in bogenoemde tabel. (Toon alle berekeninge) (2)

2.3 Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.




**[Bron: *Twitter /Begrotingsrede /*2017]**

2.3.1 Watter ekonomiese boodskap word deur die spotprent uitgebeeld? (1)

2.3.2 Wat dui aan dat sosiale dienste nie effektief gelewer word nie? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die nasionale begroting. (2)

2.3.4 In jou eie opinie, hoe kan korrupsie uitgeskakel word? (2)

2.3.5 Hoe spandeer verbruikers hul inkomste in die nasionale ekonomie? (2 x 2) (4)

2.4 Onderskei tussen *kapitaalverbreding* en *kapitaalverdieping*? (2 x 4) (8)

2.5 Hoe tree die regering op as die sentrale besluitnemer in ŉ sentraal-beplande ekonomiese stelsel? (8)

**[40]**


**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE sosiale aanwysers wat met inkomsteverdeling verband hou. (2 x 1) (2)

3.1.2 Waarom, dink jy, moet die staat meer bestee aan infrastruktuur ontwikkeling? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.




'Die ontwikkelingsgaping tussen die Noorde en die Suide het 'n probleem geword wat die hele wêreld moet bestuur.' Hierdie stelling is ietwat uitgedien, omdat die gaping tussen die ryk en die arm lande besig is om oorbrug te word.

Geleenthede vir meer gelyke handel en kapitaalvloei het sommige ontwikkelende lande die geleentheid gegee om vinniger te ontwikkel. Die beskikbaarheid en gebruik van moderne tegnologie in landbou en vervaardiging en handelsooreenkomste, soos die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika ('AGOA'), het verdere waarde aan die algehele verandering toegevoeg.

**[Aangepas uit *SAIRR*, Oktober 2016]**

3.2.1 Identifiseer, vanuit die bostaande inligting, die handelsooreenkoms tussen Afrika en Amerika (VSA). (1)

3.2.2 Bespreek, vanuit bostaande uittreksel, die rede waarom sommige ontwikkelende lande die Noord / Suid gaping vernou. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die handelsverhouding tussen lande in die Noord / Suid verdeling. (2 x 2) (4)

3.2.4 Waarom sal die Gini-koëffisiënt van lande in die Noorde verskil van lande in die Suide? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

## Nooit tevore was krediet so duur nie

**Hoë koste van klein lenings**
**Totale huidige koste van krediet op korttermyn kredietransaksies, as 'n persentasie**

| BEDRAG VAN AANVANKLIKE LENING: | TOTALE KREDIETKOSTE |
|---|---|
| R200 oor 'n maand 46% (R92) | Rente R10 + Administrasiekoste R32 + Maandelikse diensfooie R50 |
| R500 oor 'n maand 31% | Rente R25 + Administrasiekoste R79 + Maandelikse diensfooi R50 |

Die nuwe voorgeskrewe kredietregulasies kan die koste van krediet die hoogte laat inskiet, en die armes sal die hardste getref word. As dit geïmplementeer word, sal hierdie nuwe koste 'n verwoestende effek op lae inkomste verbruikers hê.

**[Bron: *Mail & Guardian Sakenuus,* Augustus 28 - September 3, 2015]**

3.3.1 Watter koste is verantwoordelik vir die drastiese styging in klein leningskoste? (1)

3.3.2 Watter koste bly konstant? (1)

3.3.3 Wat sal die uitwerking op die koste vir die lening wees as die maandelikse diensfooi verwyder word? (2)

3.3.4 Bereken die totale koste van krediet vir 'n R500 lening oor een maand. (2)

3.3.5 Watter impak sal hierdie hoë koste vir klein lenings op lae inkomste verbruikers hê? (2 x 2) (4)

3.4 Bespreek die doelwitte van Klein Onderneming Ontwikkelingsagentskappe (SEDA) en die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NOVS) as strategieë vir ontwikkeling. (2 x 4) (8)

3.5 Hoe kan beleggings in sosiale (menslike) kapitaal ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika bevorder? (8)
**[40]**

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE ekonomiese lekkasies. (2 x 1) (2)

4.1.2 Watter impak het die Uitgebreide Openbare Werke Program (EPWP) in jou plaaslike gemeenskap? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**BRUTO BINNELANDSE PRODUK TOEGEVOEG DEUR EKONOMIESE AKTIWITEIT**

| **TEEN HUIDIGE PRYSE R m** | **2013** | **2014** | **2015** |
|---|---|---|---|
| Primêre sektor | 362 194 | 369 178 | 371 069 |
| Sekondêre sektor | 664 180 | 730 764 | 751 451 |
| Tersiêre sektor | 2 164 586 | 2 320 375 | 2 467 292 |
| **Bruto waarde toegevoeg teen basiese pryse** | **3 190 960** | **3 420 317** | **3 589 812** |

**[Bron: *SARB Kwartaalblad* – Desember 2016]**

4.21 Noem die sektor wat verantwoordelik is vir elektrisiteit, gas en water. (1)

4.2.2 Watter sektor dra die meeste by tot die Bruto Toegevoegde waarde teen basiese pryse vir 2015? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die volgende stelling: "Die bydrae van die primêre sektor het teen 'n dalende koers toegeneem?" (2)

4.2.4 Hoe dra die primêre sektor by tot die ekonomie? (2)

4.2.5 Wat is die verwantskap tussen die sekondêre sektor en die tersiêre sektor? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**DIE NASIONALE ONTWIKKELINGSPLAN IS DUIDELIK DIE BESTE ONTWIKKELINGSTRATEGIE OOIT; DIT SAL VIR SEKER DIE SUID-AFRIKAANSE EKONOMIE BEVOORDEEL**

Alhoewel die NOP, net soos GEAR, NSDS en NOP, wat ŉ duidelike plan uitlê om probleme in Suid-Afrika aan te spreek, nie perfek is nie, verskaf dit tog ŉ padkaart van waar die staat graag wil wees in 2013. Die NOP bied ŉ geleentheid aan Suid-Afrikaners om saam te werk en uitdagings te konfronteer, om sodoende ŉ beter toekoms vir almal en aan toekomstige geslagte te bied.

**[Aangepas uit *NOP* en *Mail & Guardian,* Februarie 2015]**

4.3.1 Identifiseer TWEE vorige strategieë vanuit die uittreksel, wat gebruik is om ekonomiese groei in Suid-Afrika te bevorder. (2 x 1) (2)

4.3.2 Wat is die hoofdoelwit van die NOP? (2)

4.3.3 Watter negatiewe invloed sal die implementering van die NOP op belastingbetalers hê? (2)

4.3.4 Hoe suksesvol sal die implementering van die NOP in die Suid-Afrikaanse ekonomie wees? (2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*. (2 x 4) (8)

4.5 Hoe word inheemse kennisstelsels deur die Suid-Afrikaanse regering bevorder en ontwikkel? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige **EEN** van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

Jou antwoord sal as volg assesseer word:

<table>
<tr><th>STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL</th><th>PUNTE-TOEKENNING</th></tr>
<tr><td>Inleiding<br>Die inleiding is ŉ laerorde respons.<ul><li>ŉ Goeie vertrekpunt behoort ŉ bepaling te wees van die hoofkonsep wat verwant is aan die vraag</li><li>Moenie enige deel van die vraag insluit in jou inleiding nie</li><li>Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie</li><li>Vermy dit om die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek.</li></ul></td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>Liggaam:<br>Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede / In-diepte bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer<br><br>Addisionele gedeelte: Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Voorstelle</td><td>Maks. 26<br><br><br><br>Maks. 10</td></tr>
<tr><td>Gevolgtrekking<br>Enige hoërorde samevatting behoort die volgende te bevat:<ul><li>ŉ Kort opsomming van wat bespreek is, sonder om enige genoemde feite te herhaal.</li><li>Enige opinie of waardeskatting omtrent die bespreekte feit.</li><li>Addisionele ondersteunende inligting om die bespreking / analise te versterk.</li><li>ŉ Weersprekende standpunt met motivering, indien vereis.</li><li>Aanbevelings / voorstelle.</li></ul></td><td>Maks. 2</td></tr>
<tr><td>TOTAAL</td><td>40</td></tr>
</table>

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

Die veelvoudige behoeftes van die mensdom word bevredig deur die gebruik van produksiefaktore.

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die volgende produksiefaktore vir die produseerders van goedere en dienste:

  - Arbeid
  - Kapitaal
  - Entrepreneurskap (26 punte)

- Hoe het die grondherverdelingsprogramme (beleide) daartoe bygedra om die gemarginaliseerdes in die ekonomie te akkommodeer? (10 punte)

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

ʼn Sentrale bank het funksies en verantwoordelikhede wat nie deur ander finansiële instellings uitgevoer word nie.

- Bespreek die hooffunksies van die SARB (26 punte)

- Wat veroorsaak bankmislukkings? (10 punte)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**